Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

ONDERSTEUN
die vooraanstaande
MANSUITRUSTERS
WELGEMOED & Kie.
h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.
PRETORIA

# Die O.B.

O.B.-SKRYFBLOKKE
met 2 pakkies bypassende koeverte.
DIE BESTE GEHALTE VOOR-OORLOGSE PAPIER.
3/6 posvry.
KONTANT MET BESTELLING.
Bestel deur:
Gebiedshoofkwartier
Kamer 603, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 10 MEI 1944. No. 25.

# Werkers Vergader Onder O.B.-Vlag Op 1 Mei

## WEIER WERK VIR GEÏNTERNEERDE

Die Germistonse stadsraad het onlangs geweier om 'n werknemer, mnr. H. C. Barnard, wat verlede jaar geïnterneer en kort gelede vrygelaat is, weer in sy amp te herstel. Die komitee vir geldelike en algemene sake het aanbeveel dat mnr. Barnard herstel moet word, maar met 'n meerderheid van een het die stadsraad die aanbeveling van die hand gewys.

Dit is bekend hoe die Minister van Lande kort gelede 'n geïnterneerde van die nedersetting op Brits probeer verwyder het omdat hy dan nie „die plot self bewerk nie". Die man is teen sy wil en sin deur die regering van sy plot verwyder na Koffiefontein, en dan mag hy nie daarheen terugkeer by vrylating nie . Meer nog, sy vrou en kinders word daar intussen in die pad gesteek. Die regbank het die Minister egter in die ongelyk gestel.

Dit is hoog tyd dat 'n geïnterneerde wat onverhoord van sy vryheid beroof word, beskerm moet word teen wraak wat later op hom uitgeoefen word deur werkgewers wat geen bewys het dat die man ooit enige misdryf begaan het nie.

Wanneer 'n hotnot sy werk verlaat om by die leër aan te sluit, verplig die regering sy vorige baas om hom terug te vat.

## SEUNS STAP 30 MYL OM UIT TE KAMP

Op Saterdag, 1 April, het nege Boereseuns van Sutherland die dorp verlaat, onder bevel van vldkt. Brink. Elkeen het sy benodighede vir die week in 'n pak op sy rug gedra. Die middag het hulle op die plaas van vldkt. Brink geëet en daarna vertrek na Kleinfontein, die plaas van mnr. Koos Obermeyer (vldkt. in die O.B.), waar hulle hartlik ontvang is na die 16 myl skof van die dag.

Sondag is daar oorgebly en Maandag is hulle na Houdenbek, die plaas van voormalige jeugveldkornet Theron waar hulle kamp opgeslaan het vir die week.

Die kamp is gehou volgens model van die kamp vir Offisiere op Ceres.

**Saterdag, 8 April, was almal na 'n baie aangename en leersame kamp weer perdfris in die dorp, na 'n skof van dertig myl wat hulle in nege en 'n half uur afgestap het.**

Die koste vir die kamp was 2/- per man en tog het vldkt. Brink met die vriendelike hulp van vldkt. Obermeyer, vldkt. Theron en Tant Chrissie Jordaan gesorg dat dieselfde gereg nooit tweemaal voorgesit is nie. Die Boerejeug is dankbaar vir hul vriendelikheid.—(Ingestuur.)

## VROUE-KAMP

'n Kamp van vroue-offisiere word van 26 tot 28 Mei deur Gebied F (Noord-Transvaal) gehou by die Fonteine, Pretoria. Behalwe alle range met en bo veldkornettes, vir wie bywoning van minstens twee dae verpligtend is, is jeugoffisiere ook uitgenooi. Dit beloof 'n aangename en leersame kamp te wees. Die hoofvrou vir die afdeling is genle. V. W. Rautenbach.

## Boere en Werkers Saamgevoeg Teen Geldmag en Kommunisme

### 1922 Sal nie Herhaal Word nie sê K.G.

**'n Groot en geskiedkundige opelug-vergadering van werkers wat in treffende kontras tot die rasbonte kommunistiese optogte en vergaderings van vroeër in die dag gestaan het, is op Maandagaand, 1 Mei, deur die Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, dr. Hans van Rensburg, te Crosby, Johannesburg, toegespreek.**

**Dit was 'n geskiedkundige gebeurtenis omdat dit die eerste keer was dat die O.B. as die doeltreffende teenvoeter vir die Kommunisme in hierdie land 'n vergadering op Meidag gehou het, dié dag wat deur die Kommunis as sy alleenreg beskou word, en dit op die Rand, wat die Kommuniste graag as 'n vesting wil beskou.**

**Die vergadering was in die tweede plek geskiedkundig wat die O.B. betref, omdat dit plaasgevind het onder voorsitterskap van 'n werker van die Rand, mnr. Martiens Claassen en nie van 'n O.B.-offisier as sodanig nie. Saam met die K.G. het nog vier ander werkers en werksters verteenwoordigende die klerewerksters, bouwerkers, tremwerkers en drukkers op die verhoog plaasgeneem.**

**Onder die gehoor van 'n paar dusend is ook heelwat Engelssprekendes opgemerk. 'n Puik erewag van 200 fris geboude Boerkêrels van die O.B.-Wag was opgestel.**

„Dit is vir my 'n voorreg om vanaand as werker van Suid-Afrika op hierdie platform te staan, en 'n nog groter voorreg om dr. Hans van Rensburg hier welkom te heet as die man wat reeds gewys het dat hy enduit by die werker sal staan", het mnr. Martiens Claassen verklaar toe hy die K.G. aan die woord gestel het.

„Dit is vandag 1 Mei of Rooidag, die dag wat elke Kommunis as sy alleenreg beskou." het die K.G. begin. „Vanaand praat Stalin of „Uncle Joe" soos dr. Colin Steyn hom noem, in Moskou en die O.B. praat in Johannesburg. Vandag het kommunistiese optogte onder sterk polisie beskerming deur die strate van Johannesburg gegaan, maar ons as O.B. moet vanaand in die teenwoordigheid van speurders in dieselfde Johannesburg vergader. Polisie vir Kommunistiese beskerming; speurders vir O.B.-vervolging.

„Hierdie vergadering is met opset vanaand belê, want die Kommuniste het hulle al begin verbeel dat dit net hul dag is hierdie. Dit is goed dat die O.B. hierdie dag gekies het omdat die O.B. 'n goeie teenvoeter vir die Kommunisme is. En daarby ook 'n goeie opvoeter soos hy reeds bewys het (gelag).

### BEËLSEBUL

**„Die Kommuniste probeer die werkers wysmaak dat die enigste keuse lê tussen kommunisme en kapitalisme. Dit is vir ons egter soos 'n keuse tussen die duiwel en Beëlsebul. Dit is dieselfde ding.**

„Die kommunis preek die diktatuur van die proletariaat, d.w.s. die breë massa van werkers. **Hier in S.A. sal dit 'n naturelle-proletariaat met 'n Joodse generale staf wees. In hierdie land kan ons dus nie die kommunisme kies nie, want dit sal net die totale ondergang van ons volk beteken.** Hulle wil alle privaat eiendom, alle godsdiens en alle nasionale gevoel en nasieliefde afskaf. Daar moet nie rasse wees nie, net 'n klas wat moet regeer. Hulle bou op die klas sonder die ras. **Die O.B. daarenteen bou op die ras sonder die klas. En ons wil nie besit afskaf nie, ons wil dit op ieder volksgenoot uitbrei. Elkeen moet juis iets besit, nie niemand niks nie.**

Dr. Van Rensburg het voorts daarop gewys hoe dat die Kommuniste enorme invloed wen deur die optrede van die huidige regering en veral van die Minister van Justisie, dr. Colin Steyn, „die peetom van die speurders wat vanaand hier tussen ons is." As voorbeelde het die K.G. aangehaal hoe dat ongeveer 1,000 Unie-burgers in die afgelope vier jaar sonder aanklag en verhoor in kampe en tronke gestop is, terwyl 'n uitgesproke kommunis soos die naturel Moses Kotane die geleentheid gekry het om voor 'n magistraat verhoor te word. **Die saak teen hom is egter teruggetrek, bo oor die betrokke amptenare, nadat 'n afvaardiging van die Kommunistiese Party die Minister van Justisie gespreek het.**

### DOOD EN DOOD

Terwyl 'n Britse soldaat wat 'n klein dogtertjie in Natal op 'n gruwelike wyse vermoor het, se doodvonnis opgehef word, word 'n Johannesburgse seun, Jensen, in 'n interneringskamp doodgeskiet omdat hy te naby die draad sou gekom het.

As verdere voorbeeld het die K.G. gewys op die geval van die Indiese kommunis dr. Y. M. Dadoo wat weens sy agitasie vir die afskaffing van die paswette eers met internering gedreig is, maar vir wie die dreigement later op aandrang van kommunistiese agitasies deur die Minister van Justisie opgehef is. **Aan die ander kant word ds. J. J. Fick, 'n predikant van ons kerk, wat reeds geïnterneer was en na sy vrylating 'n prominente aandeel geneem het in die stryd van die Germistonse Klerewerksters vir die handhawing van die kleurskeidslyn, later gewaarsku dat hy weer geïnterneer sal word indien hy hom nie onttrek aan die stryd van die klerewerksters nie. Hierdie waarskuwing staan nog.**

„Dit is maar net 'n paar voorbeelde van hoe die Minister van Justisie die pad vir die kommuniste oopkap. En, u moet onthou, **die kommunisme in Suid-Afrika beteken die totale ondergang van die blanke bevolking in hierdie land.'**

### O.B. EN WERK

Met verwysing na die Smith-moord het die K.G. onder toejuiging gesê: „U moet goed verstaan dat ons nie net

(Vervolg op bls. 2, kol. 2)

## GEÏNTERNEERDE DOODGESKIET

Op 'n vraag het die Minister van Justisie in die parlement geantwoord dat 'n geïnterneerde, Alex Jensen, op 10 April in die interneringskamp van Andalusia deur 'n lid van die Kaapse Korps doodgeskiet is toe hy „uit die kamp probeer ontsnap het".

Die distriksgeneesheer het bevind dat die dood veroorsaak is deur 'n skoot deur die hart en longe. Die magistraat se bevinding was dat die skoot gevuur is deur stafsersant Granfield van die Kaapse Korps in die wettige uitvoering van sy plig.

Die Minister het nie gesê of sy antwoord die einde van die voorval beteken nie. **Ons wil net daarop wys dat 'n tronkbewaarder wat kafferbandiete oppas, belet is om hoër as die bene te mik wanneer 'n bandiet probeer ontsnap. Blykbaar geld hierdie reël nie waar blankes deur 'n lid van die „Kaape Korps" opgepas word nie.**

## SKAF ALMAL AF !

Ons merk dat die Verenigde Party besluit het om stadsraadsverkiesings voortaan volgens partylyne te voer, nadat 'n dergelike voorstel enige tyd gelede van H.N.P.-kant ook gekom het. Nou verwyt die een party die ander dat hy die politiek in plaaslike besture insleep.

Die Ossewabrandwag het 'n baie beter plan met stadsrade. Hy gaan hulle afskaf, en daarmee sal die huidige getwis oor die aanstaande getwis saam met al die ander getwis beëindig word.



**DE KOCK SE GARAGES**

Foon 110 Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.

Foon 10 Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.

**MARKAGENTSKAP VROEË MÔRE-MARK**
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.


## O.B. SE YSTERVUIS

Die Meidag-vergadering van die O.B. te Crosby, Johannesburg, was ook in 'n ander opsig geskiedkundig. Dit is naamlik die eerste keer dat 'n vergadering onder beskerming gestaan het van so 'n groot en puik O.B.-Wag soos daardie aand die geval was.

Na afloop van die vergadering het die K.G., vergesel van Wagkolonel Richter, die Wag van 200 man geïnspekteer. Na die inspeksie het die K.G. hulle kortliks bedank vir hul teenwoordigheid en daarop gewys dat juis die feit van hul teenwoordigheid mens die vrymoedigheid gee om in hierdie spanningvolle tye vergaderings te belê wat ook deur vroue en oues van dae bygewoon kan word. Niemand het die reg om weerlose mense na 'n vergadering te bring as daar vir hulle nie voldoende beskerming is nie. Die Wag is die beskermende vuis van die O.B. Hy het die Wagkolonel gelukgewens met sy puik afdeling.

Op versoek van die K.G. het die Wag ook drie huldes gebring aan Johnnie Richter, 'n broer van die Wagkolonel, wat 'n paar dae gelede weer in hegtenis geneem is nadat hy as een van die vyf manne twee jaar gelede hul pad uit die tronk te Bloemfontein oopgeveg het.

**ROMMELVERWERKING:**
● Olifantjies kan gemaak word van vaal seunsbroeke, gestop met wol of saagsels.


O.B.-OFFISIERE EN BRANDWAGTE, AANDAG!

**WAPENSKOU**

bied sy dienste aan u as voorligtingsorgaan m.b.t. dienslaer- en studielaeronderwerpe, sowel as m.b.t. ander volksvraagstukke. Die K.G. sê van Wapenskou: „Wapenskou, die amptelike orgaan van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei. As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende geledere."

**WAPENSKOU**

verdien 'n plek in elke Afrikanerhuis. Teken onmiddellik in by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch. Die intekengeld is 5/- vir 4 uitgawes per jaar.



GOEIE GEREEDSKAP...
is onmisbaar vir goeie werk.
U toekomstige welvaart het ook „goeie gereedskap" nodig —
'n Sanlam-polis

SANLAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD


# Werkers Vergader Onder O.B. Vlag.

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

'n protesvergadering hierteen hou nie, want ons glo nie aan protesvergaderings nie. Maar ons sal dit waaragtiglik nooit vergeet nie."

„Ons wil egter nie dat die anti-kommunistiese werkers hul toevlug na die kapitalisme moet neem nie, want dit is net so sielloos soos die kommunisme. Ons wil onder geen internasionale diktatuur leef nie. Dit is onder die besef daarvan dat die O.B. oorgegaan het tot die stigting van sy arbeidsfront. In hierdie verband wys ek u op die volgende beleidsverklaring van die Grootraad: **„Werkloosheid is 'n refleksie op die staat en nie op die werksoekende volksgenoot nie". Wie wil werk moet werk kry, en wie nie wil werk nie moet ook werk kry."**

Verder lui die beleidsverklaring: **„Landsrykdom is vir volksdiens daar. Die produksiebronne van die land word onder staatsleiding in die eerste plaas deur die eie inisiatief van die staatsburgers ten volle ontwikkel in volksbelang, en die rykdom aldus geproduseer, word billik verdeel tussen die verskillende deelnemers, in die produksie-proses.**

**„Wat by voorbeeld nie mag gebeur nie is dat een of ander internasionale Jood in Londen die diwidende van ons goudmyne kry — en u die myntering."**

**WERKERSREPUBLIEK**

Wat die republikeinse strewe betref, het die K.G. weereens beklemtoon dat dit nasionaal sowel as sosiaal van aard is. **Die feit dat die honderde Afrikaners wat in die afgelope 4 jaar weens hul politieke oortuiging in die Empire se kampe en tronke gestop is, byna sonder uitsondering O.B.-volgelinge is, is genoegsaam bewys van die fanatiese nasionalisme wat die O.B. aandryf. Maar die O.B. het verder gegaan. Hy het besef dat die republiek wat kom, ook 'n werkersrepubliek moet wees en daarom was hy die eerste beweging van die Afrikanerdom wat ook ons boerebevolking die regverdigheid van die saak van die stedelike werkers oortuig het. Die werker weet vandag dat agter sy strewe iets staan wat voorheen nie daar was nie, nl. 'n doelbewus strydende volk soos verteenwoordig in die Ossewabrandwag.**

In die afgelope 45 jaar het die swaarte punt van ons volk verskuif van die boerebevolking op die platteland tot die werkersbevolking in die stad. **In 1891 was twee uit elke drie blankes in Suid-Afrika plattelandse boere. In 1936 was dit een uit drie, terwyl tweederdes van die blankes stedelinge was. Oorwegend natuurlik stedelike werkers. En die kinders op die plase vandag is die werkers oor 'n jaar of vyf of tien. Die werkersbelange is die boerebelange, omdat alle ouers vir hul kinders leef. Die O.B. aanvaar hierdie feit en baseer sy volkspolitiek daarop.** In die verlede is nog altyd daarin geslaag om die Afrikaner op die platteland op loop te ja met die woord „sosialisme". Sodra die werkers met hul uitbuiter-base bots, soos die geval in 1913, 1914 en 1922 was, dan verkondig die kapitalistiese pers dat die sosialiste amok maak. Afrikaners van die platteland moes dan kom skiet op mede-Afrikaners wat veg vir hul brood.

**NIE WEER NIE!**

**Dit sal egter nie weer gebeur nie, want danksy die O.B., besef die boer vandag dat die werker in die stad ook die stryd vir sy kinders stry, daar die meeste van hulle ook eendag as werkers 'n heenkome in die stad sal moet kom vind.**

**„As daar weer 'n botsing op die Rand mag kom, sal die boere van die O.B. agter die werkers staan en saam met hulle die anti-kapitalistiese stryd voer." het die K.G. onder uitbundige toejuiging uitgeroep.**

In verband met die stryd teen die kommunisme het dr. Van Rensburg gemaan dat nie teen persone geveg moet word nie en verwys na die honderde Afrikanermeisies wat in die Kommunistiese Party is. **„Toe hierdie meisies destyds hul toevlug na die stede geneem het, was daar nog nie 'n O.B. nie. In die stede het niemand van hulle notisie geneem nie, miskien net elke 5 jaar wanneer hul stemme van belang was.** Dit was die Kommunistiese Party wat elke keer vir hierdie meisies in die bresse getree het. Dit is dus nie hul skuld dat hulle onder daardie invloed gekom het nie, maar eerder ons Afrikaners s'n."

„Dit is nou u taak om daardie meisies te oortuig dat daar nou vir die eerste keer 'n organisasie is waarmee hulle teen die kapitalisme kan veg, 'n organisasie waarin hulle hul volksiel kan behou en nie van hul nasionale lewensbeskouing hoef af te sien nie.

„Dit help nie om te roem op die heldedade van ons voorouers as hul nageslagte te Germiston in Joodse fabrieke veronreg word nie. **Die beste hulde wat ons aan ons voorouers kan bring, is om beter toestande vir hul nageslag te skep. Daarom sien ons in die arbeidsfront van die O.B. 'n geskiedkundige ontwikkeling.**

**BLY BY VAKBONDE**

**„U moet goed verstaan dat die O.B. nie die werkers van hul vakunies wil afrokkel nie. Staan by u vakunie en maak hom sterk.** Dit is op die oomblik die enigste wapen wat u het teenoor die base wat u wil uitbuit. **Maar u moet ook besef dat agter u vakunie staan die krag van 'n volksbeweging. Vir die eerste keer staan 'n nasionaal-rewolusionêre beweging wat dwarsdeur Suid-Afrika wortel ingeslaan het, agter die werker in sy strewe teen die kapitalistiese uitbuiting.**

**„Ons vra niks nie, ons bied alles aan",** het die K.G. onder toejuiging verklaar en toe die O.B. met 'n waterval vergelyk. Net soos dit die taak van die waterval is om gedurig te val ongeag of daar van sy krag gebruik gemaak word deur die aanskakeling van turbines, net so is dit die taak van die O.B. om steeds teen die kapitalisme te veg. **Hy bied sy kragte aan die werkers. As hulle nie daarvan gebruik wil maak nie, maak dit nie saak nie, die O.B. hou aan met veg.** Ons beloning is dat ons weet dat as die Afrikanerweker eers eenmaal rondom die O.B. geskakel het, hulle ons nooit weer sal verlaat nie." (Toejuiging.)

„Ek wil hierdie eerste Meidag-vergadering van die O.B. as volg afsluit: **Vir die eerste keer in die geskiedenis van Suid-Afrika het ons die sosialistiese dryfkrag agter die republikanisme ingewerp en die republikeinse dryfkrag agter die sosialisme. (Toej.) Maar as ons sê „sosialisme" hoef niemand te hoop op „internasionale sosialisme" nie — die raslose en godlose Kommunisme. Sosialisme is by ons deur en deur nasionaal — of ons verwerp dit.**

**SLAAN 13**

„Die kapitalisme is die doodvyand van die nasionalisme en die sosialisme. Solank as hy die twee strome uit mekaar kan hou en die een afspeel teen die ander; die boer teen die werker en die werker teen die boer, solank is kapitalisme baas. **Maar wanneer daardie twee strome inmekaar gevloei het, sal die klok 13 slaan vir die kapitalisme. In die O.B. vloei die nasionalistiese en sosialistiese strome reeds inmekaar.** Die boer en die werker reik mekaar die band. Beskou dus die O.B. in die eerste plaas as 'n boere- en werkersrepublikeinse beweging. Vir vier jaar lank het hy reeds deur die kampe en tronke van die Empire gesleep vir sy oortuiging. **Daarmee en daarmee alleen het hy bewys dat hy die enigste nasionaal-rewolusionêre beweging in Suid-Afrika is," het die K.G. onder uitbundige gejuig afgesluit.**

Die gehoor het op aandag gekom en die Stem van Suid-Afrika is gesing.

Aan die einde het Oom Louis Bootha, Gebiedsgeneraal, Witwatersrand, op versoek ook 'n paar woorde gesê. „Die werker, of hy of sy nou ons vriend of vyand is, moet weet dat as hulle vir hul brood spook, spook ons saam met hulle."

Die vergadering is geopen deur genl. Barry Grobler, onmiddellik daarna het hy die stoel aan mnr. Claassen as werker oorhandig, om dit aan die einde weer in te neem vir die verdaging van die vergadering.—(Korr.)

**ROMMELVERWERKING:**
● Trek 'n ou kous oor 'n bottel met sand gevul; trek dit aan soos 'n ou aia om voor 'n deur te sit.

# Bestaansveiligheid Eis Die Dood Van Parlementêre Demokrasie

D.L. 5/44.

**„Social Security" is niks anders as 'n stelsel van verpligte liefdadigheid nie waarmee die kapitalis 'n uitgebuite mensdom aan die slaap wil sus sodat hy met sy uitbuiting kan voortgaan. Ons het verlede keer bevind dat die kapitalistiese stelsel geen bestaansveiliging vir ons volk kan bied nie. Dit geld veral vir die werker en die klein boer. Maar ook die demokrasie staan in die pad van bestaansveiligheid.**

Nou hoor ons ook van nasionaalgesinde partypolitieke kant dat die huidige ekonomiese stelsel omskep sal moet word om bestaansveiligheid te kan verseker, **maar dit moet geskied met behoud van die sogenaamde demokratiese regeringsvorm. M.a.w. daar moet nog verskillende politieke partye kan wees sodat hulle mekaar op grond van groepsbelange kan beveg. Partybelang sal dan nog voor volksbelang gestel kan word.**

Volgens hierdie partypolitieke mening moet die omvorming op ekonomiese gebied veral teweeggebring word deur die instelling van 'n permanente ekonomiese planneraad wat dan as ekonomiese heelmeester moet optree en ook as 'n soort van skeidsregter moet toesien dat elke deelnemer darem 'n behoorlike kans in die kapitalistiese spel sal kry. Die uitbuitingspeletjie moet darem glo „fairplay" geskied!

**OMWENTELING NODIG**

Ongelukkig het hierdie mense nog nie uit die ervaring van die afgelope 40 jaar geleer dat die ekonomiese lewe van 'n volk nie van sy politieke lewe geskei kan word nie. As ons uitroep: „weg met die kapitalisme!" moet ons ook daarby voeg: „weg met die demokrasie!" Die twee is onafskeidbaar. Ons weet reeds dat die imperialisme en kapitalisme tweelingbroers is. Die demokrasie is hul gedienstige suster. Die vader van aldrie is die liberalisme wat leer dat elke mens vry is om te maak wat hy wil. Die imperialis is vry om ander lande te gaan inpalm, die kapitalis is vry om sy medemens uit te buit en die demokraatsuster is vry om die volk om die bos te lei in belang van haar tweelingbroers, die imperialis en kapitalis.

**Wat dus in S.A. nodig is, is nie slegs 'n ekonomiese omvorming nie, maar wel 'n algehele politieke sowel as ekonomiese omwenteling.**

Die demokratiese partypolitieke regeringsvorm met die verteenwoordiging en moontlikhede wat dit aan botsende groepsbelange gee, het al genoegsaam laat blyk dat dit magteloos is om groot vraagstukke op te los. **Onder hierdie stelsel wil niemand die verantwoordelikheid vir sy dade aanvaar nie. Dit word maar al te gerieflik op die parlement of kommissies van ondersoek afgeskuif.** Waarlik, ons vernaamste volksvraagstukke is al voos ge-ondersoek maar oplos is min! As 'n vraagstuk naderhand nie meer nuwe aspekte het wat ondersoek kan word nie, en die openbare aandrang op 'n oplossing word te gevaarlik vir die bewindhebbers, word 'n kommissie van ondersoek aangestel om die gegewens en aanbevelings van vorige kommissies te ondersoek — soos verlede jaar gebeur het in verband met misdaad. **Die fout lê in die meeste gevalle nie by die kommissies nie maar by die stelsel wat hulle slegs as 'n nuttige skuifmeul vir die ontduiking van verantwoordelikheid gebruik. Onder so 'n stelsel sal selfs 'n permanente ekonomiese planneraad niks konstruktief kan uitrig nie, hoe goed deurdag en deugdelik sy aanbevelings ookal mag wees.**

**STERK ARM**

Staatsbemoeiing onder 'n demokratiese partypolitieke regeringstelsel is in die meeste gevalle selfs nadelig vir die volksekonomie omdat dit niks anders is nie as halfgebakte maatreëls wat gedurig trag om 'n kompromis tussen botsende belange te bewerkstellig. Is dit nodig om voorbeelde te noem? **Dink maar aan die gesukkel met die bemarking van vleis en die bemarkingsvraagstuk in die algemeen. Dit is nie dat daar 'n gebrek is aan geskikte skemas vir die oplossing daarvan nie. Die kwessie is net om dit deur die demokrate toegepas te kry.**

'n Ekonomiese planneraad wat stelselmatig die ekonomiese ontwikkeling van ons land kan beplan en die ekonomiese lewe kan orden, kan slegs van nut wees as dit gerugsteun word deur 'n **sterk** regering aan die leiding waarvan sal staan manne wat nie terugdeins om die verantwoordelikheid vir hul dade te aanvaar nie en wat die nodige gesag sal hê om ons volksvraagstukke op te los, kos wat dit wil. **Dit kan alleen geskied onder 'n stelsel waar die regering nie van die steun van wisselende politieke partye afhanklik is nie.**

**Daarom veg die O.B. vir die Republikeinse Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard. Aangesien ons beweging gegrondves is op die beginsel van verantwoordelike leierskap en die gesagstaat wat hy gaan skep, ook op daardie beginsel gebou gaan word, kan die verantwoordelike leiers nie hul verantwoordelikheid ontduik deur dit op 'n parlement of kommissies af te skuif nie. Hulle moet òf 'n saak aanpak òf dit laat staan en die gevolge daarvan dra. Dit is vir ons volk die waarborg dat sy vraagstukke aangepak en opgelos gaan word.**

# Dr. Steyn Vergoed Britse Leër Met 'n Kindermoordenaar

Dr. Colin Steyn, „bevelhebber" van die Departement van Justisie, het verlede week 'n omvattende relaas gegee betreffende sy begenadiging van die kindermoordenaar Sidney Smith. Hy het in die Senaat verklaar dat hy persoonlik verantwoordelik is vir die tersydeskuiwing van die doodvonnis.

As beweegredes vir sy stap het hy aangevoer dat „as die dokters nie gesertifiseer het dat die beskuldigde geestelik gesond was nie, sou hy gesê het dat hy geestelik verstoord was"! Een van die belangrikste redes was egter dat „die beskuldigde 'n Britse soldaat was". „Die Britse soldate het duisende myle gekom om ons te red van nazi-oorheersing. Hoe dapper ons manne ook geveg het, sou ons, as dit nie vir hul hulp was nie, baie ellende moes verduur het. Baie soldate het hierheen gekom en hul gedrag was voorbeeldig. Die geval van Smith is 'n geïsoleerde geval . . . Daar moes waardering getoon word vir wat ons aan die Britse leër verskuldig is, en hy twyfel nie dat dit reg was om Smith te begenadig nie. **Daardeur het ons ons waardering getoon.** Dit was die beslissende oorweging."

„Daar was presedente. 'n Jong Kanadese matroos wat in Durban skuldig bevind is aan moord, is ook begenadig. **Die feit dat hy in oorlogsdiens is, is as voldoende rede beskou.**"

Dr. Steyn het voorts betoog dat hy besef dat die Britse soldate miskien ontevrede sal wees, maar „hulle is egter geen dank aan hulself verskuldig nie, maar ons is dit aan hulle verskuldig."

**Dr. Steyn het hierna so ver gegaan om hierdie kindermoordenaar op gelyke voet te stel met Visser en Van Blerk, wat kragtens 'n buitengewone noodregulasie, wat die doodstraf op politieke vergrype verpligtend maak, ter dood veroordeel en „begenadig" was.** Manne wat uit vaderlandsliefde teen noodwette gebots het, stel dr. Steyn gelyk met 'n wellustige moordenaar.

Ten slotte het dr. Steyn herhaal dat as Smith 'n Unie-burger was, hy nie genade sou ontvang het nie. „Hy is egter 'n Britse soldaat wat ver gekom het om ons te help beskerm."

## MALMESBURY SE JEUG OM DIE KAMPVUUR

Inspirerend en bemoedigend was dit om die kamp van die Boerejeug van Malmesbury (seuns en dogters), wat gehou was aan die voet van Riebeekberg tussen die pragtige eikebome en stroompies water, by te woon in die tydperk tussen 31 Maart en 2 April.

Die plek is die eiendom van mnr. G. H. Steyn van Wynkeldershoek, Malmesbury, en is goedgunstiglik deur hom aan die Boerejeug afgestaan vir die doel van die Kamp. Dit word hoog waardeer. Ook wens die Boerejeug hul dank oor te dra aan die Jeugleier, genl. Dirk van Rooy wat hierdie pragtige idee laat posvat het by wyse van die eerste kamp wat deur hom te Ceres belê en persoonlik deur hom bygewoon is. Hierdie leiding het nie op onvrugbare aarde geval nie, en deur die bekwame leiding van veldkornette Meyer en veldkornet Hanekom, is hierdie kamp gereël en waar die jeug baie goed verteenwoordig was.

Opmerklik van die kamp was die eensgesindheid wat daar geheers het. Ons het geen klasse-onderskeid gemerk nie. Die gees was: ons is broers en susters van een Vader en Moeder, nl. **die Afrikanervolk.**

Die dissipline was baie streng, dog die vrywillige gehoorsaamheid wat die seuns en dogters aan die dag gelê het, het weereens getoon dat die Afrikanervolk se toekoms voor ons lê.

Die dag is begin met 'n vroeë môregodsdiens, by die hysing van ons eie Republikeinse Vlag, waarna die dogters ywerig die huiswerk gedoen het terwyl die seuns buite besig was. Daarna is ontbyt. 'n Verskeidenheid van werksaamhede as ook bergklim het deel van die dagtaak uitgemaak.

Saans het die Boerejeug om die kampvuur vergader, waar elkeen 'n geleentheid gehad het om sy of haar talent aan die dag te lê. Die Boerejeug het dan ook Afrikaanse liedere laat weergalm onder leiding van die dirigent, Koos Smit.

Die einde het genader toe meeste van die Boerejeug gemeen het dat die kamp nou werklik eers sou begin. Maar ons ken die spreekwoord: „Wanneer 'n ding op sy lekkerste is, moet jy ophou," maar nie sonder die belofte dat binnekort weer so 'n kampvuur gereël word nie.

As daar van die Veldkornetskappe is wat nog nie 'n kamp gereël het nie, kan ons hulle aanraai om dit gerus te probeer. Dit is leersaam! Dit is gesond! dit help om 'n Nasie te bou!!

Die dienste van die persone wat vir die vervoer verantwoordelik was, en ander word hoog waardeer.

## A.K.G. HEELWAT BETER

**Dit verheug ons om te kan meld dat die Adjunk-Kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, tot so 'n mate herstel het dat hy weer buitenshuis kan gaan. Hy sal egter vir geruime tyd nog nie sy werksaamhede kan aanvaar nie.**


BAN NOU OPGEHEF!

*„SO HET HULLE GESTERF!"*

deur

G. JORDAAN

Is nou weer beskikbaar

6/ posvry.

Bestel nou — voorraad beperk.

OP DIE PERS:

„'n Halfeeu van Letterkunde uit Suid-Afrika. 1894—1944.

'n Bloemlesing uit werke van skrywers soos D'ARBEZ, VON WIELLIGH, VAN BRUGGEN, JAN CELLIERS, LANGENHOVEN, J. H. DE WAAL, UYS KRIGE, ens., uitgegee ter aandenking van ons 50-jarige bestaan as Boekhandel en uitgewers.

10/6 posvry.

Bestel onmiddellik — oplaag net 500 eksemplare.

H.A.U.M.-Boekhandel

Posbus 288, Kerkstraat 3, KAAPSTAD.

Noem die O.B. wanneer u by Adverteerders koop.

W. VOIGT (Eiens.) Ppk.

Fabrikante van Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.

Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuie £10, Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Kartooms 16/6; Rytooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

K.M.B. Bestellings word uitgevoer in volgorde van ontvangs. Tevredenheid gewaarborg.

Geen K.B.A aflewering.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.



BINNE 10 DAE

NADAT U MET MY KURSUS BEGIN HET, SAL EK BEWYS LEWER OM 'N NUWE MAN VAN U TE MAAK OF U FOOIE TERUG TE BETAAL.

- Geen ander kursus kan u hierdie waarborg gee nie.
- 15 jaar se ondervinding en studie van die menslike liggaam stel my in staat om u die beste afrigting per pos te gee.
- Hierdie kursus is die beste en goedkoopste (vir sy hoë gehalte) in die wêreld.
- Dit is oorspronklik, volledig, modern en pragtig geïllustreerd.
- U ouderdom of ambag is geen hindernis nie.
- Geniet die lewe deur gesond en sterk te wees.
- Baie Springbok-atlete en Kampioen Sportsmanne in die land is Hefer-leerlinge.

Skryf om besonderhede aan:

JOHAN HEFER — Posbus 8809 — JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.

Naam ..........................................

Adres ..........................................

..........................................

# Misdaad Word Nou Betaalmiddel

As daar by enige regskape mens nog twyfel oorgebly het omtrent die feilbaarheid van dr. Colin Steyn se oordeelsvermoë ten opsigte van geregtelike aangeleenthede, het dr. Steyn self nou sekerheid daaromtrent gebring. Sy verskoning in die Senaat haal nie net 'n oordeel oor sy eie hoof nie, maar stel die bevolking van Suid-Afrika bloot aan 'n wetteloosheid van alle kante.

Eerstens lê hierdie maghebber die eienaardige beleid neer dat 'n misdadiger nie op grond van sy **misdaad** gestraf word nie, maar op grond van sy **verwantskap**. Omdat hy 'n BRITSE soldaat is, is die kindermoordenaar Smith begenadig. 'n Unie-burger daarenteen — al was hy soldaat — sou met die dood gestraf gewees het vir dieselfde oortreding. Dit is die Minister se eie woorde.

Hier het ons die beginsel van kollektiewe of gesamentlike skuld — 'n beginsel wat mens by die kaffers aantref en by die Bolsjewisme, wat 'n hele kraal of klas uitwis vir die misdaad van een, en een teregstel vir die misdaad van sy groep of klas. Dink maar aan die „opvreet"-bevele van 'n Tsjaka en aan die miljoene kleinboere van Rusland wat tot slewerny of agterkopskote veroordeel is om geen ander oorsaak nie as dat hulle tot daardie besondere „klas" behoort het.

Tweedens voer hy die nuwe beginsel in dat 'n misdadiger nie GESTRAF word nie, maar net dat hy tot voorbeeld van ander gemaak word. En as ander van sy groep hulle tot dusver voorbeeldig gedra het, wel, dan is straf oorbodig en moet dit opgehef word — selfs al eis die besondere groep waartoe die misdadiger behoort dat sy vonnis voltrek word. Die Minister sê naamlik dat hy weet dat die Britse soldate „miskien ontevrede sal wees" oor die tersydeskuiwing van die vonnis.

### BETAALMIDDEL

Derdens maak dr. Steyn van misdaad 'n betaalmiddel. „Daar moes waardering getoon word vir wat ons aan die Britse leër verskuldig is", verklaar hy. **Dit beteken dat die Britse soldate in ruil vir hul „beskerming" ongestraf misdade, waarby moord en verkragting ingesluit is, kan pleeg op Afrikaanse bodem. Die Afrikaanse volk gun hulle dit uit dankbaarheid. Die Afrikaanse volk hef sy wette op in ruil vir die beskerming wat hy van hulle ontvang.**

Dit staan Britse soldate b.v. nou vry om ons ontugwette te oortree en ons, vir ons gulhartige skuldvereffening, 'n basterkroos as soewenier na te laat. Dit is nie spekulasie van 'n verhitte gemoed nie, maar konstatering van 'n feit in die lig van dr. Steyn se onthulling. **Daar is naamlik 'n jaar gelede groot beroering dwarsdeur die land veroorsaak toe 'n Britse soldaat 'n opgeskorte vonnis ontvang het na skuldigbevinding van gemeenskap met 'n kaffermeid.** Dr. Steyn het toe geweier om in te gryp in belang van die blanke beskawing selfs toe daar van alle kante vertoë tot hom gerig is. Vandag weet ons waarom hy geweier het.

### ANDER MISDADE

Ons weet nou ook waarom dr. Steyn op 24 Junie 1943 'n telegrafiese opdrag aan die Kaapstadse magistraat gestuur het om twee Britse soldate los te laat wat weens motordiefstal tot drie maande tronkstraf veroordeel was op 'n tydstip toe daar in een week vyftien motors in Kaapstad gesteel is. Dit is gedoen ten spyte van die feit dat motordiefstal tydens die besoek van konvooie in ons hawestede, so 'n afmeting aangeneem het, dat die Duitse inligtingsdiens bloot op grond van berigte oor motordiefstal kon aflei waar en wanneer konvooie die Unie aandoen. Ons het destyds gesê dat straf vir hierdie misdade dus ook in belang van die oorlog moet wees. **Maar nou weet ons dat sulke misdade vir Britse soldate toegelaat word as betaalmiddel vir hul „dienste" selfs ten spyte van hul eie veiligheid.**

En dan verklaar dr. Steyn, sonder humor, dat as die Britse soldate „miskien ontevrede is" oor hierdie bandeloosheid wat hy hulle aanbied, „hulle geen dank aan hulself verskuldig is nie, maar ons is dit aan hulle verskuldig." **Hulle moet dus die betaling van vrye misdaad neem, of hulle dit wil hê of nie. En as daar Britse soldate is wat nog soveel eergevoel besit dat hulle tereg onthuts voel oor die beledigende aanbod, wys dr. Steyn hulle op die reël — na die Duitse spreekwoord — dat mens 'n geskenk nie in die bek kyk nie.**

Van Engelse kant is uit Natal gewaarsku dat hierdie stap van dr. Steyn daartoe sal lei dat mense in die vervolg die reg in eie hande sal neem. Hulle sal liewer 'n moordenaar op die plek vang en doodslaan as om hom vir begenadiging aan dr. Steyn se departement uit te lewer. **Hierdie waarskuwing sluit aan by dié van Die O.B. 'n paar jaar gelede al, naamlik dat die regering, en by name dr. Steyn, verantwoordelik is vir die wetteloosheid in die land. Die volk verloor alle vertroue in die regspleging en waar dit gebeur, kan dit nie anders as daartoe lei dat hy die reg in eie hande neem nie. Dr. Steyn se beleid spel dus in vurige letters: Wetteloosheid van alle kante.**

# VANSITTARTISME

**(DEUR PROF. J. A. WIID.)**

Dit is bekend dat die huidige oorlog reeds 'n legio van planmakers vir die na-oorlogse wêreld gelewer het. Volgens dergelike planmakers sal die eie na-oorlogse wêreld 'n soort van paradys wees waarin vrees en gebrek geen plek sal hê nie, terwyl die na-oorlogse wêreld vir die vyand van vandag alles behalwe 'n paradys gaan wees. Hierdie planmakery vir die toekomstige vrede kan goeie oorlogspropaganda wees, want dit veronderstel en insinueer 'n eie endoorwinning in die oorlog. Hoe onseker en onberekenbaar dergelike planmakery is, het nie alleen die huidige oorlog reeds meermale bewys nie, maar sal ook deur Poolse, Franse en Italiaanse planmakers van enige jare gelede bevestig word.

### Lord Vansittart se Twaalf Punte

In Brittanje is dit 'n lord Vansittart wat as planmaker vir die na-oorlogse wêreld vir hom naam gemaak of berugtheid verwerf het. Hierdie planmaker behoort gewig te dra, want tot 1941 was hy die Diplomatieke Hoofraadgewer vir die Foreign Office. Na sy verheffing tot die hoër adelstand het hy lid van die Hoër Huis geword. Lord Vansittart staan bekend as uitbraker van venyn as dit Duitsland geld. Enige maande gelede het hy weereens, hierdie keer in die „New York Times Magazine", sy planne vir Duitsland, saamgevat in twaalf punte, wêreldkundig gemaak:—

1) Onvoorwaardelike oorgawe — die mite van Duitse onoorwinlikheid moet vernietig word.

(2) Effektiewe besetting van Duitsland deur 'n Geallieerde leër en lugmag en die stigting van 'n Geallieerde raad van beheer.

(3) Die inhegtenisname van alle persone wat onder verdenking staan dat hulle aan oorlogmisdade skuldig is en hulle verhoor in die lande waar die misdade plaasgevind het; neutrales moet versoek word om geen asiel aan dergelike verdagte oorlogmisdadigers te verleen nie.

(4) Algehele demobilisasie en ontwapening van alle Duitse en Spilse gewapende magte.

(5) Die huishoudelike polisiemagte van Duitsland moet regionaal wees, gedemilitariseerd en vry van sentrale kontrole.

(6) Afskaffing in Duitsland van alle militêre en half-militêre oefening op enige ouderdom en in enige vorm, insluitende die afskaffing van die offisierskorps en die instrukteurskorps.

(7) Ontruiming van alle geokkupeerde gebiede.

(8) Die herstel van of vergoeding vir plunder, die vernietiging en verwydering van masjinerie en toerusting, insluitende vergoeding vir buitgemaakte kommersiële en industriële belange.

(9) Effektiewe kontrole en, waar nodig, die sluiting van Duitsland se oorlogspotensiaal, insluitende die lugvaart in alle vorms.

(10) Geen lenings of hulp aan Duitsland sonder die Geallieerdes se goedkeuring nie.

(11) Leerplanne van skole en universiteite moet onder die oppertoesig van die Geallieerdes staan tot tyd en wyl die beginsels van internasionale goeie wil by die Duitse volk ingeprent is („inculcated").

(12) Die Duitse radio en alle ander propaganda moet onder Geallieerde oppertoesig staan so lank as dit nodig mag wees. Aldus die vroeëre Diplomatieke Hoofraadgewer van die Britse buitelandse politiek.

### 'n Bondgenoot vir Goebbels?

Dit is nie nodig om by hierdie Vansittartse program vir 'n na-oorlogse algehele vernietigde Duitsland verder stil te staan nie. Die tyd daarvoor sal eers aanbreek as die oorlog gewen is. Plekruimte laat ook geen kommentaar toe oor die houding wat Brittanje se senior vennote, Amerika en Rusland, in hierdie saak mag inneem nie. Dit is ook nie nodig om die gewese Hoofadviseur van die „Foreign Office" daaraan te herinner nie dat mense wat in glashuise woon nie met klippe behoort te gooi nie. Planmakers soos Vansittart vir die na-oorlogse wêreld en die „gewapende vrede" wat moet volg, kan egter aan die kernagtige woorde van die geniale Franse staatsman Talleyrand in die tyd van Napoleon herinner word: Met die bajonet kan alles gedoen word behalwe dat 'n mens nie daarop kan sit nie.

Op die oomblik kan die Vansittartse program vir die na-oorlogse Duitsland slegs een uitwerking hê en dit is om die hande van Goebbels te sterk. As daar nog Duitsers mag wees wat nie presies weet waarvoor hulle veg nie, dan het Vansittart die antwoord verstrek. Op die vooraand van die reeds lang-beloofde inval van die Geallieerdes in Wes-Europa voel 'n mens geneig om met Arvid Fredborg, tot 'n jaar gelede Berlynse korrespondent van die „Svenska Dagbladet", akkoord te gaan. In sy werk: „Behind the Steel Wall" beweer hierdie Sweedse joernalis, wat geensins as pro-Duits bestempel kan word nie, o.a. die volgende: „Die Geallieerdes het in werklikheid aan die Duitse volk geen alternatief behalwe onvoorwaardelike oorgawe gebied nie. Dit is moeilik om 'n volk daartoe te bring om 'n dergelike voorwaarde te aanvaar voor hy 'n beslissende militêre nederlaag gely het. In werklikheid is die vyande van Duitsland vandag besig om Duitsers onder die Swastika saam te smee." Die woorde van die Sweedse joernalis is veral van toepassing op die venynige uitbraaksels van Vansittart. As die Geallieerdes eendag daarin mag slaag om in Wes-Europa te land en na Berlyn voort te dring dan sal dit waarskynlik alleen oor die lyke van tienduisende jong Amerikaners en Britte geskied. Dan sal daar geleentheid wees om oor die dom propaganda van 'n lord Vansittart na te dink.

## BABA-TENTOONSTELLING

KOMMANDO (A2b9) HOU 'N BABA-TENTOONSTELLING

op

***Donderdag, 11 Mei 1944***

om 3 n.m. in die

**KERKSAAL — BELLVILLE.**

TENTOONSTELLING WORD GEOPEN DEUR

***MEV. DR. VAN ZYL***


ons vervaardig

meubels



vir u huis

om te pas by u smaak en omstandighede

**SKRYF OM ONS AANDELEBROSJURE EN WORD 'N AANDEELHOUER VAN**

# EXCELSIOR MEUBELS BPK.

HOOFKANTOOR:

De Villiersstr. 15, JOHANNESBURG. Posbus 6670—Foon 33-2171/2

EIENAARS VAN:

J. S. UNTERHALTER BPK., h/v. St. Andries- en Pretoriusstrate, PRETORIA

GOODWOOD MEUBELS BPK., Paul Krugerstr. 340, PRETORIA

L. D. PHILLIPS BPK., Pleinstraat 47—49, KAAPSTAD

TAKKE:

JOHANNESBURG, GERMISTON, KROONSTAD, BLOEMFONTEIN.

***SEKURITEIT VIR U BELEGGING***

# Kommuniste Vier Meidag Met Slegs Jode en Naturelle

## Werkers en Soldate Neem nie Deel

Voorafgegaan deur geweldige en histeriese propaganda het die groot dag vir die Johannesburgse kommuniste, 1 Mei, eindelik aangebreek. Hierdie jaar — o blye tyding — kon die Internasionale Kommunistiese Proletariërdag gevier word onder die dryfkrag van die seëvierende Rooi Leër en Vadertjie Stalin se spoggerige leër-communiques. Johannesburg, die stad van duisende werkers, sou sekerlik op horings geneem word deur geesdriftige kamerade met rooi vlaggies en strikkies om juigend en singend hul liefde vir Sowjet-Rusland te betuig. Die duisende werkers van Johannesburg sou hulle gewis op 1 Mei losskud van hul volk en hul solidariteit met die ,,internasionale proletariaat'' van die k.reld betuig. Witman en naturel sou ongetwyfeld in volmaakte kameraadskap saam die Rooi Indernasionaal sing!

Ja, groot was die hoop en bly die verwagting.

'n Groot optog van duisende werkers sou om kwart-voor-elf van die trappies van die Johannesburgse Stadsaal wegspring, om deur die strate van die goudstad te marsjeer ten einde die stad bewus te maak van die Meidag-,,Selebrasies''. So sou die dag ingelui word. **Maar helaas vir die Kommuniste, net 'n skamele 150 mense het aan 'n slenterende optog deelgeneem. Die grootste aantal van hulle was naturelle. Tweedens kon 'n baie groot aantal Jode en Jodinne onder die optogters waargeneem word.** Die res sou seker Engelssprekendes moes gewees het, want deurgaans is die Engelse taal gebruik. Hierdie optoggie het telkemale vir hulleself gevra: ,,Are we downhearted?'' om dan te antwoord met 'n gedempte: ,,No''. **So ver soos die optoggie gegaan het, het die klompie naturelle op hul tipiese swaaiend-uitgerekte manier die wysie van die ,,Red Flag'' geneurie.**

Om alles te kroon het 'n ernstige ongeval die kolonne getref. Die sierlike voorvaandel wat die aansig van die kolonnetjie moes verfraai, het somar eensklaps inmekaargeval en so moes die dapperes maar sonder hul pronk voorgewel aansukkel.

**Aan die optog het onder andere deelgeneem Die Kommunistiese Party van Suid-Afrika, Die Kommunistiese Jeug, The Zionist Socialist Youth, The Progressive Asian Club, The Federation of Progressive Students, The Yugoslav Partisan Relief Committee, en so meer.**

**BLANKE WERKERS AFWESIG**

**Opvallend van die optog was die afwesigheid van die Afrikanerarbeider en die klompie Engelssprekendes wat deelgeneem het, was beslis ook nie verteenwoordigend van die Engelse arbeiders nie. Ten spyte van die vryery van die S.A. Vak- en Arbeidsraad en van die Kommunistiese Party na die soldate, het nie 'n enkele geuniformeerde soldaat aan die optog deelgeneem nie.**

Byna 'n uur te vroeg het die optoggie weer op sy bestemde plek voor die trappies van die stadhuis aangekom. Na heelwat gesloer het die toesprake begin.

Nuuskieriges en lediges het hier saamgedrom tot by wyle 'n getal van 500 te bowegaande. Dis omtrent die normale aantal lomerige toehoorders wat gewoonlik smiddags vir ontspanning tussen een- en tweeuur na die trappies van die stadsaal drentel om na die ewige en woordryke sepkisredenaar te luister. **Te alle tye het naturelle die grootste persentasie van hierdie gehoor uitgemaak. Die skare het 'n bonte skouspel vertoon — 'n mengelmoes van swart en wit deurmekaar, afgewissel deur allerlei koffiekleurige skakerings tussenin. Jode en naturelle en witmense het in groepies gestaan en gesels en dit was net ,,comrade'' voor en ,,comrade'' na. As sprekers het onder andere opgetree 'n Jood en 'n Jodin, 'n Naturel, 'n Indiër, twee Engelse predikante, een Afrikaner, 'n paar uitlanders en ander Engelssprekendes.**

**,,MYLPAAL''**

Al die sprekers het beklemtoon dat dit nou die eerste gesamentlike Meidagviering is van blank en nie-blank. **Dis 'n mylpaal in die geskiedenis van die Arbeidsbeweging in Suid-Afrika. Dit lui 'n nuwe era van samewerking en gelykstelling tussen blank en nie-blank in.**

Die sprekers het mekaar probeer oortref in hul ophemeling van Sowjet-Rusland en hul aanprysing van die wonderbaarlike prestasies van die Rooi Leër.

'n Spreekster het haar teleurstelling uitgespreek dat 'n Tweede Front nog nie in Wes-Europa geopen is nie, maar binne 'n paar weke moet die inval kom, het sy uitgeroep. En 'n paar maande daarna sal Nazi-Duitsland op sy knieë wees, het sy hees uitgeskree.

Die werkers van Suid-Afrika, blank en nie-blank moet saamstaan, om, as Duitsland verslaan is, die regering van Suid-Afrika oor te neem. So het die sprekers die aanwesige bontspan opgeroep.

**JOODSE LEIERS**

Belangrik ten opsigte van hierdie Mei-dagvierings is dat dit plaasgevind het onder beskerming van 'n Verenigde Meidagkomitee wat sy lede gerekruteer het uit die Kommunistiese Party, Die S.A. Vak- en Arbeidsraad en ander linkse organisasies, wat gedurig voorgee dat hulle die werkers van Suid-Afrika verteenwoordig. **Wie die mense is wat hierdie linkse partye en organisasies in der waarheid verteenwoordig kon duidelik op hierdie vyfde Meidag van die oorlog waargeneem word. Dat hulle die Jode en 'n groepie naturelle verteenwoordig mag waar wees, maar dat hulle die blanke werkers van S.A. verteenwoordig is 'n hersenskim.— (Korr.)**

**ANDER PLEKKE**

Volgens die Kaapstadse kommunistiese blad het 7,000 ,,werkers'' 'n optog deur die strate van Louis Trichardt gehou. Die blad sê dit was die eerste viering van Meidag deur ,,rural Africans'' (plattelandse naturelle). Byna al die kafferkapteins van die omgewing was teenwoordig.

In Durban het 3,000 aan die viering deelgeneem, ,,die meerderheid van wie naturelle was'', aldus die blad. In Kaapstad het 400, hoofsaaklik kleurlinge en naturelle, 'n opelug-byeenkoms bygewoon. Die sprekers was 'n paar Jode en kleurlinge.

## VERJAARDAGKETTING

11 Mei: Rorich Botha, Sidwell; Maria Sophia (haar van het ontbreek), Tiervlei; Anna Josina Snyders, Lambrechts-drif; Danie Malan, Hugenoot.

12 Mei: Anna le Roux, Tiervlei; Miriam Victor, Wynberg; Zillah Muller, Kirkwood; Gertruida Uys, Parow; Henrietta Wilhelmina Basson, Observatory.

13 Mei: Gillam Andries Smit, Beaufort-Wes; Dirk Kotze, Paarl; Pieter Lafras Jordaan, Middleton-stasie; Jacobus Nel, Wilgenhoutsdrif; Hennie Lubbe, Pietersburg; Dirkie E. A. Snyman, Witrand, Tvl.; Anita Prinsloo, Wesselsbron.

14 Mei: Molly Marais, Knysna; Maria Kruger, Tiervlei; Chris van Ryswyk, Stellenbosch; Machiel J. Meyer, Humansdorp; Attie Kruger Carnarvon; Magrieta Burger, Brandvlei; Cornelia M. Bester, Paul Roux; Coenraad L. van Niekerk, Clocolan.

15 Mei: David Vermaak, Port Elizabeth; Willem Young, Houtbaai; Petrus Coetzee, Wilgenhoutsdrift; Gerda Jacobs, Carnarvon; Frans Petrus Flok, Beaufort-Wes; Cornelia F. Cloete, Zeerust.

16 Mei: Augusta C. Kirschbaum, Eppingtuindorp; Sarah Kapp, Port Elizabeth; Henry Tallardt, Port Elizabeth; Cornelius Blumenthal, George.

17 Mei: Ella Coetzer, Rustenburg.

**ROMMELVERWERKING:**

● Herstel ou stukkende poppe. Stop hulle weer styf met skaapwol of saagsels. Die kop, arms en bene word weer oorgetrek en geverf.

# Europese Plaag val S.A. Binne

## S.A. Regering Egter te Besig in Europa

**Onder 'n stelsel waar meer woorde gebruik word om verkiesings te wen as om goed te praat wat nagelaat is, het die vraagstukke van Suid-Afrika nie net aldeur groter geword nie, maar ook talryker. 'n Treffende voorbeeld van hierdie demokratiese wanbestuur is die baie uitheemse plae wat in die afgelope tiental jare toegelaat is om 'n houvas op die land te kry. Een van die bekendste gevalle is die Argentynse mier wat vandag dreig om ons land van voedsel te beroof en reeds as onuitroeibaar beskou word. 'n Aantal jare gelede is by die regering aan die hand gedoen om die plaag uit te roei teen 'n koste van 'n paar miljoen pond. Vanselfsprekend is dit geweier deur 'n regering wat saamgestel is uit leke wie se strewe alleen was om ,,in die kussings te kom.'' Nou is dit te laat.**

**Vandag dreig 'n nuwe gevaar om vaste voet te verower. Dit is die Italiaanse kewer wat houtwerk vernietig. Die plaag is nog op 'n betreklike klein kolletjie in die Kaapse Skiereiland gevestig, en kan met deurtastende maatreëls uitgeroei word voor dit verder veld wen. Dit hou veral 'n groot bedreiging in vir die dakke van huise, en in dele van Europa word hierdie plaag as een van die ernstigstes beskou.**

**Daar het reeds meer as 'n jaar verloop sedert die plaag ontdek is en sedertdien het daar die een waarskuwing na die ander in die pers verskyn. Nogtans is daar nog geen poging aangewend om die invallers uit die land te verdryf nie. Daarvoor is die huidige demokratiese bewind te besig met invalsplanne in Europa.**


*Pas verskyn!*

**INLEIDING TOT DIE EKONOMIE**

deur prof. dr. C. G. W. Schumann en dr. D. G. Franzsen

albei van die Universiteit van Stellenbosch.

Grootte: 8½ dm. x 5½ dm, 600 blss., 49 tabelle, 36 diagramme. Linneband.

●

**Prys 19/6. Posgeld 1/- ekstra.**

●

Dit is die eerste handboek oor die ekonomie wat in Afrikaans verskyn. Hier het u 'n baanbrekende werk waarin die hele onderwerp, op Afrikaanse lees geskoei, saaklik en wetenskaplik behandel word.

Vir elke Afrikaner, hetsy sakeman, prokureur, boer of student is hierdie werk van onskatbare waarde.

●

**Stuur u bestelling met tjek of poswissel aan**

**Pro Ecclesia-Drukkery**

Posbus 28 - - - - - Stellenbosch.



**DIE NUUTSTE IN DAMES-**

**FELT-HOEDE**

en

**WINTERJASSE**

by

**Steyns**

**PAROW**

**DIE MODERNE DAMESMODISTE.**



**BENODIG**

**Susters en Stafverpleegsters**

deur die

**VOLKSHOSPITAAL**

**ORANJEZICHT, KAAPSTAD.**

Doen aansoek met volledige besonderhede van kwalifikasies, ondervinding, ouderdom, getuigskrifte en datum waarop pligte aanvaar kan word, by DIE SEKRETARIS.

Die Volkshospitaal is 'n inrigting met Afrikaans as offisiële taal, vir betalende BLANKE PASIËNTE alleen. Salarisskaal volgens die KAAPSE PROVINSIALE ORDONNANSIE. Aanvangssalaris, insluitende toelaes: Susters £19-1-8 per maand, Stafverpleegsters £14-10-0 per maand met vrye losies en inwoning.



**P. A. WILKEN**

MAKELAAR, VENDUAFSLAER

BOEDELBEREDDERAAR

●

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou,

DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG.

(Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

●

Takkantore:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.

POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.



***PLUIMVEE***

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

**C. M. ELOFF EN KIE.**

(Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON



**ONDERSTEUN ! ! ! !**

**Poskantoor Haarkappers**

Kerkstraat 173 - - - - - - PRETORIA

vir

DAMES en MANS

Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT



**DIE O.B. IS 'N MAGTIGE ADVERTENSIEMEDIUM**



**Gearing . . .**

*Vriend van die Boere.*

**DIE LAASTE WOORD IN WINDMEULKONSTRUKSIE.**

**Vermy Watermoeilikhede en verseker die vooruitgang van u boerdery.**




Sedert 1906, toe die eerste Gearing vervaardig is, lewer duisende vandag nog bevredigende diens.

**Ondersoek die Gearing waar dit in werking is.**

ONTWERP EN VERVAARDIG

deur

**Gearings Limited**

(Opgerig 1878)

Bus 860. JOHANNESBURG. Foon 34-2157—8.

## Geklassifiseerde Advertensies

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Handelsadvertensies:** 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

**Persoonlike Advertensies:** 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

**INTEKENGELD.** (Streng vooruitbetaalbaar).
**Deur Kommando:** 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
**Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.:** 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

### GEBOORTE

**BOSMAN.** — Aan Hoofkomdt. en mev. H. S. Bosman, 'n fris boereseun op 7 Mei. Ons is dankbaar.

**HENNING.** — Aan mev. en J/Komdt. Henning, van Johannesburg, 'n fris boereseun op die 9de April. Ons dank ons liewe Heer. Ons salueer die Kommandant-Generaal.

**JACOBS.** — Aan Komdt. en Komdte. Dick Jacobs van Nababeep, 'n gesonde Afrikanerdogter op 17 April.

**DE WET.** — Aan Hannes en Anna, P.K. Arlington, 'n fris O.B.-dogter. Naas onse Heer, ons innige dank aan dokter en verpleegster.

### VERLOWING

**BRINK—VAN DER WALT:** Die verlowing word bekend gemaak van Marie, jongste dogter van mnr. en mev. G. D. v. d. Walt, en Chris, jongste seun van mnr. en mev. J. M. Brink, albei van Odendaalsrust.

**GELDENHUYS — WANDRAG:** Ons twee, Pollie Wandrag, jongste dogter van mnr. en mev. J. Wandrag van Potchefstroom en Barend Geldenhuys, Kommandant E8a2, oudste seun van mnr. en mev. J. Geldenhuys van Kimberley, wens bekend te maak dat ons verloof is.

**TRUTER—VAN NIEKERK:** Die verlowing van Maynie, suster, Volkshospitaal en De Villiers, Boerejeug Hoofkomdt., Gebied „A" word hiermee bekend gemaak.

### DOODBERIG

**RAUTMAN.** — Dit is met diepe leedwese dat ons bekend maak dat ons pligsgetroue Korporaal, Wilhelmine Rautman, van Wynberg Kommando, deur die dood ons ontneem is, op die 28ste April. Haar lewe was 'n lewe van nuttige diens aan ander. Slaap rustig getroue Korporaal, jy was 'n edele en beminde O.B.-offisier. H/Komdt. P. D. Cilliers en Komdte. C. M. Cilliers.

**SMUTS.** — Met leedwese word die afsterwe aangekondig van Anna Smuts, eggenote van Asst. Veldkt. G. Smuts, Smutsrust, Vryburg, op Saterdag die 22ste April 1944. Ons innige meegevoel gaan uit na die Vader en kindjie. Wees sterk Kameraad! Vertrou op God. Ons is met u. Marie Maritz, Kommando C10b8, Vryburg.

**PRETORIUS.** — Sag heengegaan, Hester Johanna Pretorius, op 16 April 1944, in die ouderdom van 40 jaar, 1 maand, 16 dae, na 'n smartvolle lyding van 7 maande. Sy word diep betreur deur haar eggenoot, kindjie, suster en broer. Ons sal haar mis. Dank aan dokter en verpleegster en die Vroue-Kommando van Oudtshoorn. **I. M. Pretorius, Buitekantstraat, Oudtshoorn.**

### IN MEMORIAM

**VAN WYK.** — Een jaar van stille trane en bittere eensame verlange is verby. Ek dink terug aan die aand van 27 April 1943, toe my dierbare eggenoot verhuis het. Sy verlangende eggenote M. van Wyk.

**KILLIAN.** — In tere herinnering aan ons geliefde broer en kind, Simon Jurgens, wat skielik heengegaan het op 17 Maart 1944, in die ouderdom van 18 jaar.

Wat dierbaar op aard was
Ruk die dood van ons af,
Wat na aan ons hart was
Rus stil in die graf.
Die nagte van lyding
Skyn eensaam en lank,
Ontmoeting en skeiding
Kom nader, God dank.

Sy verlangende oupa, moeder, vader, suster en broer.

### DANKBETUIGING

**DURR.** — Mnr. en mev. T. Durr, Rondevlei, Malmesbury, wens hiermee familie en vriende(inne) hartlik te bedank vir telegramme en geskenke en veral O.B.-vrouens vir hulp, by geleentheid van hul huwelik.

### PERSOONLIK

**ANNETTE-ATELJEE** (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: **Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.**

**DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.**—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

### PERSOONLIK

**ONDERSTEUN** 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: **H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.**

### BETREKKING GEVRA

**JONG** ongetroude Afrikaner, lid van die O.B., soek 'n betrekking as voorman op veeplaas. Vir besonderhede skryf aan: **R. Gerber, Nooitgedacht, P.K. Brandekraal.**

### APPLIKASIES GEVRA

**APPLIKASIES** word ingewag (a) vir 'n Tweetalige Snelskriftikster met of sonder vorige ondervinding, (b) Kantoor Assistente met of sonder vorige ondervinding. Losies word verskaf by ons Kwekery Bestuurder, Elkenhof, naby Johannesburg. **Herholdt se Boomkwekerye, Posbus 660, Johannesburg.**

### HERSTELWERK

**VIR** die Kleur en regmaak van ou hoede, stuur of bring u hoede na mev. S. Verster, **Allwalstraat 20, (om die hoek by Volkskas), Bloemfontein.**

### BENODIG

**LEERLING-VERPLEEGSTER,** 19 tot 30 jaar oud. Vyf pond (£5) per maand met kos en inwoning. Applikant moet een jaar bly. Rig applikasies aan: **Matrone, Auckland Park Verpleeginrigting, Walton-laan 13, Auckland Park, Johannesburg.**

### TE KOOP

**OPREGTE** Chantenay en Nantes Wortelsaad, 8/- per pond.

**BESTE** Australiese Bruin Uiesaad, 6/- per pond, gesertifiseer. Beperkte hoeveelheid; 100% suiwer. Alles K.M.B. posvry. **J. J. Spies, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

**BESTE kwaliteit Heuningtee: 93 pond 18/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Busbalte. Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

**DAG-OUD** kuikens, Leghorns, Australorps, ook kruis van Leghorn haan en Australorp hen. Gewaarborg eersteklas ras. Almal afkomstig van Heimann en Dundarach bloedlyn. Verkrygbaar vanaf Junie teen £6 per 100 K.B.A. Bestel dadelik: **H. R. Malan, P.K. Kerstfontein, Paarl. Telefoneer 6203.**

**DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/6 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

**EEN** span R.I.R. twee 6-maande oud henne en haan, teen £1-7-6. Een span van tweejaar oud henne en haan, teen £1-15-0. K.B.A. hokke terug. **M. D. Smit, Vaalplaat, Bus 78, Burgersdorp.**

**GOED** gebaalde tweede-graad lucern teen 5/-. Lucern gemeng met helfte gras, gesny op lucern-lande, 4/3. Alles per 100 lb. Min 5% vir bestellings van 6 ton en meer. **Bestel van J. H. Stiemie, Bus 46, Kirkwood.**

**KAROOMIS.** — Gemaal met hamermeul, los in trokke; 10 ton teen 29/- per ton; 100 ton en meer 26/6 per ton. Nie minder dan 10 ton bestellings. In koper se sakke 28/- per ton; 50 ton en meer 26/- per ton, K.M.B., V.O.S. — **G. J. C. v. d. Vyver, Nelskraal, P.K. Sheldon.**

**KILPIE-COLLIE** skaaphondjies. Reuntjies £1-10-0, tefies £1. Ouers uitstaande werkers. Tevredenheid gewaarborg. **I. J. Haarhoff, Posbus 115, Graaff-Reinet.**

**KOLJANDER,** 3/6 per 3 pond pakkie; Rooibeet-saad, 10/- per pond oor die Pos. K.M.B. **P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.**

**KOOP DIREK VAN DIE BOER.** — Kaapse geel of strooi uiesaad teen 5/6 per pond en Australiese bruin teen 6/- per pond. Goedgekeur volgens Goewernements Sertifikaat No. 0670 en gesertifiseer as gesond, vry, goed en skoon. Ook lusernsaad, gesond en mooi teen £7-7-6 per 203 pond. Uiebolle, Australiese bruin en Kaapse geel teen 14/6 per mud. Kontant met bestelling. **D. M. v. d. Walt, P.K. De Rust, Dist. Oudtshoorn.**

**MELK Korthoorn Bulletjies.** Gebrand vir subsidie. Twaalf tot 18 maande oud. Geteel uit die beste bloed in die land. Uit (geklassifiseerde) geregistreerde bulle en hoë graad koeie. Prys £20 stuk. Verdere besonderhede van **S. P. Bekker, Tarkastad.**

**MEUBELS.** — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

**MISSTOWWE.** — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan Nasionale **Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

**OPREGGETEELDE** Friesland bulletjies. Vader Effatha Walter No. 15602/12, 2de pryswenner 1943, 1944 teen Kampioen-bul; uit Bakenskraal Nico Arend No. 11152/8, Kampioen, by Hugenoot Witster No. 19622/11, Kampioen, melk 18,000 pond in 300 dae, by 1ste Pryswenner 8 gelling koeie, Robertson tentoonstelling. **A S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

# Gevaar van Geboortebeperking

## Hoofgenl. Van Zyl Oor Mediese Dienste

**„Die ideale toestand van volksgesondheid bestaan wanneer daar 'n absolute minimum van siektes voorkom, die sterftesyfer daal, geboortesyfer styg, tuberkulose en veneriese siektes verminder, wanneer voorkomelike aansteeklike siektes gladnie meer voorkom nie, wanneer geen moeder of baba sterf as gevolg van gebrek aan kraambehandeling nie. Hierdie opsommende ideaal, naas die groot gevaar van geboortebeperking in ons land, het die kern gevorm van die skitterende toesspraak van dr. F. du T. van Zyl aan die einde van verlede kwartaal onder beskerming van die A.N.S., oor die onderwerp: „Mediese dienste in ons toekomsstaat, nasionaal-sosiaal van aard."**

Spreker is oortuig daarvan dat ons land op die drempel staan van die nuwe staat, 'n staat wat nie die vryheid (en individuele vryheid tot kapitalistiese uitbuiting) van die Franse Rewolusie bied nie, maar **wat die belange van die volk as geheel nastreef, 'n staat partyloos en in die hande van 'n gesagsheerser wat vaderlik teenoor sy volk sal staan.**

Ons huidige stelsel van mediese diens val in drie groepe, nl. die staat, semi-privaat praktyke en privaat praktyke. Hierdie stelsel gaan mank aan baie ernstige gebreke: eerstens, 'n baie swak kontrolestelsel; tweedens, 'n skaamtelose gebrek aan die nodige maatskaplike dienste: derdens, 'n groot gebrek aan hospitale en omvangryke spesialiteitsdienste. Veral verkeer die middelklasinkomste-groep in 'n baie moeilike posisie aangesien dienste vir hul onbetaalbaar duur is, en daar geen voorsiening vir hul gemaak word vir gratis diens nie.

### IN DIE TOEKOMSSTAAT

In nastrewing van die ideale toestand moet eerstens **siektes bestry word en die staat moet sorg dat elke volksgenoot in staat sal wees om die allerbeste diens te ontvang, en nie verhinder [illegible] word deur geldgebrek, stand of afstand nie.** Die staat moet **eis** dat elke individu van die beste dienste gebruik moet maak. Tweedens moet siektes voorkom word, en hierin moet die staat hom hoofsaaklik tot opvoeding in siekte bepaal om die skreiende onkunde i.v.m. siektes te verminder — die staat moet sorg vir beter ekonomiese toestande en moet in die gesonde volkslid sien 'n potensiële krag vir die volk en staat en nie 'n potensiële wins vir die kapitalis nie; die staat moet peste en aansteeklike siektes daadwerklik bestry, sorg vir afsondering vir voorkoming van oordrag van oorerflike siektes, en aan die mediese beroep opdra om die suiwerheid van die bloed van die volk te bewaar. Derdens moet die staat sorg vir die positiewe verbetering van die volk. Hier is veral van belang verpligte toepassing van heilgimnastiek en verpligte bywoning van arbeidsdienskampe vir seuns en meisies, waar meisies dan ook veral sal onderrig word in moederkunde en militêre diens vir seuns verpligtend sal wees.

**Dit is gebiedend noodsaaklik dat die oë van die staat en die volk moet oopgaan vir die geweldige gevaar van geboortebeperking.** Die hoogste vorm van nasionalisme is diens aan die toekoms en watter groter diens kan daar aan die toekoms gelewer word as 'n getalsterke volk! Gedurende die afgelope 10 jaar het die Suid-Afrikaanse geboortesyfer onrusbarend afgeneem. Geen volk met 'n toekoms mag getalle beperk nie. Geboortebeperking is 'n bewys dat ons nasionalisme graag op die lippe neem maar ons nie die noodsaaklike opoffering wat kinders meebring wil getroos nie. Ook die staat dra baie skuld. **Dit is 'n verskriklike ironie dat die regering gedurig om immigrante roep, maar vir die ongebore Afrikaner is daar geen plek in sy eie land nie.** Die basis van die toestand lê in die ekonomiese gebrek. Die staat moet werk verseker aan elke volkslid en hy wat nie wil werk nie, moet daartoe gedwing word.

Spreker het afgesluit met die stelling dat die kern van die rewolusie van die 20e eeu — **die herontdekking van die siel van die mens is die besef dat elke mens, hetsy hy werkgewer of werknemer is, met of sonder aansien, 'n siel het en gevul is met daardie drange en behoeftes wat sy Skepper in hom geplant het.**

### TE KOOP

**PLAAS** 2,434 morge, distrik Waterberg. Baie goed vir Beeste en Skape. Fontein, ook sterk boorgat met 2dm. pype met 4dm. silinder op. Twaalfmyl van S.A. busroete, telefoon, Poskantoor en skool. Swakkerige huisie met sinkdak en sinkmure. Prys 30/- per morg. Absoluut 'n goeie plaas. Skryf aan: **B. J. Stander, Geelhoutkloof, P.K. Soutvlei, oor Warmbad.**

**Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

**SPEELSKEIE,** goeie hout; bottelskeie teen 3/9; Vierkantige koppe 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

**SPINWIEL,** nooit gebruik, £7-10-0; een paar wolkamme £2-10-0. Instruksie boek i.s. was, kleur en spin van wol ingesluit. **M. J. Spies, Posbus 5, De Jagersdrift, Natal.**

**SPINWIELE,** sonder die „winder," £6-10-0. K.B.A. **T. B. Neser, P.K. Rodenbeck, oor Bloemfontein.**

**TEEN** billike pryse, Spaiders, Kap-karre, Veerwaentjie met Kap, Kerfmasjiene, Lusern-snymasjiene, Lusern „Cultivators," een Ransomes 3-voor Trekker-Skottelploeg. Almal in goeie orde. **G. Kleyn, P.K. Le Roux-stasie.**

**VANS CONCRETE PRODUCTS.** — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

**VARKE.** — Large Black soggies en beertjies, 4 maande oud. Vader geregistreer Benmorebloed, moeder volbloed. Prys £5-5-0. Vader, moeder en kleintjies 1ste prys wenners asook Conradie- en de Wet-beker wenners. Gelewer Klaasvoogds. **A. S. Zeeman, Goudmyn, Robertson.**

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE,**
**Posbus 660, — Johannesburg.**

Pluk u eie vrugte vars uit u tuin van Herholdt se beroemde Vrugtebome. Alle soorte vroeg tot laat. Perskes, Appels, Pruime, Pere, Moerbei, Vye, Koejawels, ens. Aanvraag groot, bestel sonder versuim. Palms, Sierbome, Struike, Heiningbome altyd in voorraad. Skryf vir Pryslys. (a)

### POTCHEFSTROOM

**GROFSMID,** hoefsmid, elektriese en suurstofsweising, punte aan ploegskare en motorbakwerk. Reparasies 'n spesialiteit. Alle werk gewaarborg. **F. Geldenhuys, Kerkstraat 172, Potchefstroom. Foon 130.**

**VERF** van alle soorte. Spuitmiddels vir insekte soos tampans, weerluise, vlieë ens. Diefproefdraad vir vensters.. Gewaarborgde diens. **F. Zeller, Potgieterstraat 40, Potchefstroom. Foon 344.**

**AFRIKANERS** van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp. **Suid Slaghuis. A. P. v. Wyk.**

**W. J. Grobbelaar** — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

## VRUGTELOSE WAPEN

Die waarde van parlementêre debatte as strydmiddels van die volk kan geskat word na 'n onlangse voorval, soos gerapporteer in Die Volksblad van 28 April. **Toe die debat oor moedertaalonderwys hervat is, was daar net 'n eentalige Minister aanwesig.** Eers nadat geprotesteer is, het 'n ander Minister kom luister, maar of hy oorreed is, word nie vermeld nie. Blykens die verslag het hy egter nie aan die bespreking deelgeneem nie. Waarom sou hy dan ook sy asem mors wanneer die Verenigde Partykoukus die saak klaar afgehandel het?